# Suiderstrand-Vereniging

Notule van die komiteevergadering van 2 Junie 2025
by Vleilaan 11, Suiderstrand

## 1. Opening

Die voorsitter het almal teenwoordig verwelkom, veral ook vir Manon en Johan McDonald, wat gereageer het op die uitnodiging aan alle Suiderstranders om komiteevergaderings by te woon.

### Bywoning

Komiteelede
- Danie Schutte (Voorsitter)
- Gerrit Posthumus (Brandbestrydingsbeampte)
- Matilda Bester (Bemarking en kommunikasie; assistent-sekretaris)
- Gawie du Toit (Ondervoorsitter)

Gaste
- Manon McDonald
- Johan McDonald

Apologie
- Tina du Plessis (Brandvoorkomingsbeampte)
- Geoff Nichols (Bewaring)
- Johan Pienaar (Sekretaris)
- Willem Nel (Tesourier)

## 2. Notule van die vergadering van 13 Mei 2025

Eenparig goedgekeur.

## 3. Brandwaentjie

Gerrit kon self die neuswiel van die brandwaentjie regmaak, en dus die uitgawe op die aankoop van ’n nuwe een bespaar.

Daar is nog steeds nie ’n permanente tuiste vir die brandwaentjie nie. Die huis waar hy tans staan, word verkoop, en dié kwessie word nou kritiek.

## 4. Bord by ingang, en straatnaamborde

Die boontste plank op die bord by die ingang, met die gewraakte ‘Welcome in’, sal vervang word. Gerrit sal die plank afhaal en die gate vir die boute ooreenstemmend op ’n nuwe plank merk, en die korrekte teks sal dan op dié plank aangebring word.

Vier straatnaamborde is ook gemaak, en Gerrit sal hulle opsit. ’n Meningspeiling met foto’s van die borde sal op die Praat Saam WhatsApp-groep geplaas om te sien hoe voel die mense daaroor.

As al die strate in Suiderstrand naamborde moet kry, sal daar minstens 23 benodig word. Die borde kos sowat R350 elk. Indien hulle die borde wil hê, sal inwoners van die onderskeie strate vermoedelik bereid wees om dit te finansier.

Danie het voorgestel dat daar tot na die meningspeiling gewag word met die korrigering van die verwelkomsbord.

5. **Dam en inheemse tuin by ingang**

Danie het die munisipaliteit genader vir goedkeuring om hiermee te kan voortgaan. Hy het onder andere genoem dat Geoff ervare is hiermee, en ook foto's ingesluit van vroeëre soortgelyke projekte wat deur Geoff voltooi is. Daar was tot nog toe geen reaksie nie.

Danie het toe ook aan raadslid Eksteen daaroor geskryf, en dié het onderneem om die betrokke amptenare daaroor aan te spreek. Daar was tot nog toe steeds geen reaksie nie.

Danie sal dit opvolg.

6. **Finansies**

Willem sê hy kry nie kans om die take van die tesourier uit te voer nie, en daar is voorgestel dat Carin (sy eggenoot) die pos van tesourier oorneem, en dat Willem dan die oudit sal doen.

7. **Verwelkomingsbrief**

Die brief is oorspronklik deur Anita geskryf. Gawie het daaraan gewerk, en Geoff het ook insette gelewer. Gawie het die brief ook in Afrikaans vertaal. Daar sal 'n klompie hiervan gedruk word om in te sluit by die pakket wat aan nuwe eienaars oorhandig word.

Geoff se boekie oor inheemse plante wat hier by die see aard sal herdruk word en ook ingesluit word.

8. **Pale**

Danie het vertoë gerig om die pale te te mag verwyder, en genoem dat dit gratis deur die Vereniging behartig sal word. Klaas het daarop gewys dat van die pale op die R319 verkieslik behou moet word omdat voëls daarop sit.

Gerrit sal intussen voortgaan met die afhaal van sommige pale.

9. **Lidmaatskap**

Schalk het 'n brief aan die komitee gerig oor lidmaatskap en stemreg. Klaas en Gawie het ook daaroor kommentaar gehad. Dié kwessie sal behoorlik aangespreek word wanneer Schalk en Klaas by 'n vergadering teenwoordig is.

10. **Volgende vergadering**

4 Augustus 2025

* * *

Hierdie notule is deur Gawie du Toit voorberei en op 8 Junie deur die voorstitter Danie Schutte bevestig.